Stellenbosch UNIVERSITY IYUNIVESITHI UNIVERSITEIT

# Plagiaatbeleid ter ondersteuning van Akademiese Integriteit



forward together
sonke siya phambili
saam vorentoe

Implementeringsdatum: 12/1/2016

# Plagiaatbeleid ter ondersteuning van Akademiese Integriteit

| | |
|---|---|
| **Dokument Tipe:** | Beleid |
| **Goedkeuring:** | Raad |
| **Goedkeuringsdatum:** | 11/28/2016 |
| **Implementeringsdatum:** | 12/1/2016 |
| **Hersieningsdatum / Hersieningsfrekwensie:** | Elke vyf jaar |
| **Vorige weergawes:** | Hersiene Beleid. Tweede weergawe. Die oorspronklike beleid, "US Beleid met betrekking tot akademiese integriteit: die voorkoming en hantering van plagiaat" was in 2009 deur die US-raad goedgekeur |
| **Eienaar[1]:** | Viserektor: Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studie; Viserektor: Leer en Onderrig |
| **Kurator[2]:** | Senior Direkteur: Navorsing en Innovasie |
| **Sleutelwoorde:** | Academic Integrity, Plagiarism, Self-Plagiarism; Teaching and Learning |
| **Geldigheid:** | In geval van verskille ten opsigte van interpretasie, word die Engelse weergawe van hierdie reglement as die geldende weergawe aanvaar en die Afrikaanse weergawe as die vertaling. |

[1] Eienaar: Hoof(de) van Verantwoordelikheidsentrum(s) waarin die reglement funksioneer.
[2] Kurator: Administratiewe hoof van die afdeling verantwoordelik vir die inbedryfstelling en handhawing van die beleid.

**US PLAGIAATBELEID (TER ONDERSTEUNING VAN AKADEMIESE INTEGRITEIT)**

| **Beleidsbestuur** | |
|---|---|
| **Verwysingsnommer van hierdie dokument** | |
| **Doel** | **Om standaarde van akademiese gedrag te stel vir die gebruik van ander se werk en die hergebruik van 'n persoon se eie gepubliseerde werk; om akademiese integriteit te bevorder.** |
| **Soort dokument** | **Beleid** |
| **Aanvangsdatum** | **1 Desember 2016** |
| **Datum van volgende hersiening** | **2021** |
| **Hersieningsgeskiedenis** | **Hersiene Beleid. Tweede weergawe. Die oorspronklike Beleid, "US Beleid met betrekking tot akademiese integriteit: Die voorkoming en hantering van plagiaat" was in 2009 deur die US-raad goedgekeur** |
| **Eienaarskap** | |
| **Eienaar van hierdie Beleid[1]** | **Viserektor: Navorsing, Innovasie en Nagraadse studies en Viserektor: Leer en Onderrig** |
| **Institusionele funksionaris (kurator) verantwoordelik vir hierdie Beleid** | **Senior Direkteur: Navorsing en Innovasie, Afdeling Navorsingsontwikkeling** |
| **Goedkeuringsdatum** | **28 November 2016** |
| **Goedgekeur deur** | **Universiteit Stellenbosch Raad** |
| **Sleutelwoorde** | **Akademiese integriteit, plagiaat, selfplagiaat** |

## 1. Inleiding

Akademiese werk aan 'n universiteit bring mee dat akademici en studente blootgestel word aan idees, geskrewe materiaal en verskeie intellektuele en kreatiewe produkte van mede-studente en kollegas. Terselfdertyd is daar 'n proses van kritiese evaluasie nodig wat hierdie inligting in konteks plaas en nuwe en oorspronklike insette of sinteses maak om dit so van toepassing te maak op eietydse internasionale en plaaslike problematieke.

Uiteraard kan die oorspronklike bydrae van 'n persoon slegs ge-evalueer word as dit duidelik van die bydraes van ander persone onderskei kan word. Dit gebeur by wyse van erkende stelsels van erkenning en aanhaling. Deur nie hierdie konvensies te volg en die nodige erkenning te gee nie, word die grondslag van die akademiese werk aan 'n universiteit ondermyn. Deur hierdie werk (woorde, idees, skeppinge) van ander persone oor te neem asof dit die skrywer se eie is, word plagiaat gepleeg.

[1]Die Viserektor (Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studies) sal verantwoordelikheid aanvaar as eienaar van die Beleid op institusionele vlak, met dien verstande dat die Beleid net so relevant is tot leer en onderrig as tot navorsing.

Die hergebruik van 'n persoon se eie voorheen gelewerde of gepubliseerde werk, sonder bekendmaking of voldoende verwysing, word nou wyd erken as selfplagiaat.

Die US moet verseker dat meganismes in plek is om akademiese integriteit te bevorder en plagiaat uit te skakel. Terselfdertyd is dit belangrik dat daar deurentyd konsekwent en billik te werk gegaan word in die hantering van sake wat verband hou met plagiaat. Dit is dus noodsaaklik dat die US 'n beleid in plek het wat hierdie aspekte ondervang en 'n raamwerk skep waarbinne personeel en studente kan skryf en publiseer.

Hierdie Beleid moet gelees word tesame met die *Prosedure vir die ondersoek en bestuur van bewerings van plagiaat*, bekend as "die Prosedure" ter ondersteuning van die Beleid, maar nie as deel daarvan nie. Ander belangrike dokumente wat tesame met hierdie Beleid gelees moet word sluit in, *Die Riglyn vir die voorkoming van plagiaat, die Beleid vir verantwoordelike navorsingsgedrag aan die US, die Beleid insake die kommersiële ontginning van intellektuele eiendom, die Dissiplinêre kode vir studente van die US, die Dissiplinêre kode vir personeel van die US*, die *Prosedure vir die ondersoek van bewerings van skending van navorsingsnorme en -standaarde,* asook enige ander US beleide en riglyne wat van toepassing mag wees.

## 2. Toepassing van die Beleid

Hierdie Beleid is van toepassing op die akademiese aktiwiteite van die Universiteit en by implikasie, almal betrokke by sodanige aktiwiteite.

Die Beleid is slegs vir interne gebruik bedoel en verleen nie enige regte of voorregte aan enige derde party nie.

## 3. Definisies

In hierdie Beleid sal die volgende woorde die betekenis dra wat daaraan toegeskryf is soos hieronder.

3.1 **Akademiese aktiwiteit**: Enige aktiwiteit wat bydra tot of deel vorm van die breë akademiese projek van die Universiteit. Dit sluit alle aktiwiteite in leer en onderrig, navorsing, skryf en publiseer en gemeenskapsinteraksie in.

3.2 **Erkenning:** Verwysings wat die bron van reeds uitgedrukte idees of gepubliseerde materiaal en die besonderhede van die publikasie aandui.

3.3 **Geaffekteerde area:** Enige fakulteit, departement of omgewing binne die Universiteit wat moontlik plagiaat moet bestuur.

3.4 **Lid:** Enige persoon onder kontrak of permanent in diens by die Universiteit, ingeskrewe studente en enige ander persone betrokke by akademiese aktiwiteite wat onder die jurisdiksie van die US val; personeel met gedeelde aanstellings tussen die US en Wes-Kaapse Departement van Gesondheid, asook enige persoon voormalig in enige van hierdie kategorieë wie se werk steeds met die US geassosieer word.

3.5 **Plagiaat:** Die gebruik van ander se idees of materiaal sonder erkenning, of die hergebruik van ’n persoon se eie voorheen geëvalueerde werk of gepubliseerde materiaal sonder erkenning (selfplagiaat).

3.6 **Selfplagiaat:** Die hergebruik van ’n persoon se eie voorheen geëvalueerde of gepubliseerde materiaal sonder erkenning of bekendmaking.

## 4. Doel van die Beleid

Die doel van die Beleid is om die akademiese integriteit van die Universiteit en sy lede te ondersteun en om die US se waardesisteem as ’n eties verantwoordbare instelling te versterk.

## 5. Praktiese doelwitte van die Beleid

Die praktiese doelwitte van die Beleid is om plagiaat te definieer en om ’n raamwerk te skep om plagiaat te identifiseer en te voorkom en om gevalle van beweerde plagiaat te bestuur.

## 6. Beginsels van die Beleid

6.1 Geen persoon/persone wat aan die akademiese aktiwiteite van die Universiteit deelneem, mag plagiaat of selfplagiaat pleeg nie.

6.2 Eerlikheid en deursigtigheid is twee kernwaardes wat gehandhaaf moet word wanneer daar aan die akademiese aktiwiteite van die Universiteit deelgeneem word.

6.3 Alle studente, personeel en geaffilieerdes is verplig om ten alle tye eties en in die belang van die Universiteit op te tree.

6.4 Alle gevalle van plagiaat moet konsekwent hanteer word volgens vasgestelde prosesse op departementele, fakulteits- of sentrale bestuursvlak. Hierdie prosesse moet voldoen aan hierdie Beleid sowel as die *Prosedure vir die ondersoek en bestuur van bewerings van plagiaat.*

## 7. Bepaling van plagiaat

Plagiaat kom neer op ’n oortreding, wat vir die persoon betrokke ernstige gevolge kan hê. Hierdie gevolge sluit in skorsing of uitsetting (in die geval van ’n student) of ontslag (in die geval van ’n personeellid) uit die Universiteit, afgesien van moontlike kriminele of siviele optrede.

Plagiaat dek ’n breë spektrum van oortredings en ten einde te bepaal op watter vlak van Universiteitsbestuur ’n bewering van plagiaat hanteer moet word, moet die erns van die oortreding oorweeg word deur al die omstandighede in ag te neem, insluitend die volgende faktore:

7.1 Blaamwaardigheid (opsetlik of nalatig) van die persoon wat plagiaat gepleeg het: Het die persoon doelbewus (opsetlik) plagiaat gepleeg, of onder omstandighede wat daarop dui dat hy/sy redelikerwys bewus moes wees van die plagiaat (nalatigheid)? Die mate van blaamwaardigheid (opsetlik of nalatig) moet bepaal word om ’n bevinding van plagiaat te maak. Om te bepaal of die

plagiaat met opset of die gevolg van nalatigheid was, moet alle omstandighede in ag geneem word, insluitend, maar nie beperk tot die volgende nie:

7.1.1 Die omvang van die plagiaat: Hoeveel van die werk gelewer vir ’n akademiese aktiwiteit behels plagiaat, in verhouding tot die deel van die werk wat as eie intellektuele bydrae beskou kan word? Is die plagiaat vervat in die werk so wyd dat dit onmoontlik is om te bepaal watter deel eie intellektuele bydrae uitmaak?

7.1.2 Die belangrikheid van die akademiese aktiwiteit: Het die beweerde plagiaat in ’n klein opdrag, ’n finale tesis of ’n artikel ingedien vir publikasie, voorgekom?

7.1.3 Nadeligheid van die plagiaat: Die omvang van die skade wat die plagiaat veroorsaak het of kan veroorsaak aan die reputasie van persone en die instelling, met inagneming van al die omstandighede, insluitend senioriteit van die persoon wat die plagiaat gepleeg het, die relevante akademiese aktiwiteit en die omvang van die plagiaat.

7.1.4 Herhaalde oortredings van plagiaat.

Die Dekaan van die fakulteit of sy/haar afgevaardigde (bv. die Departementele Voorsitter of genomineerde ‘Plagiaat Adviseur(s)’) is verantwoordelik om te bepaal wat die erns van die beweerde plagiaat is, te dien einde te besluit op die gepaste stappe om sodanige bewering te hanteer.

## 8. Bestuur van bewerings van plagiaat

Die bestuur van bewerings van plagiaat moet gepas wees vir die akademiese status van die lid en die akademiese omgewing waarin die beweerde plagiaat gepleeg is. Die US se beleidsbenadering word dus gebaseer op die ontwikkeling en kweek van ‘n bewustheid van plagiaat en die gevolge daarvan, veral in die geval van voorgraadse studente en met inagname van die US Leer- en Onderrigbeleid. Dit beteken dat eerste junior oortreders soos eerstejaar studente anders hanteer sal word as herhaalde of meer senior oortreders.

Dit beteken nie dat die US toegeeflik is in sy hantering van plagiaat nie; inteendeel, dit skep ’n basis vir ’n ferm, konsekwente en houdbare hantering van gevalle van plagiaat, terwyl in ag geneem word dat onkunde ’n bydraende faktor kon wees, veral wanneer junior studente betrokke is.

Die US skep die geleentheid dat oortredings m.b.t. plagiaat op gedesentraliseerde wyse hanteer kan word. Sekere gevalle sal op departementele vlak afgehandel kan word, ander op fakulteitsvlak terwyl ander verwys moet word na die Universiteit se sentrale dissiplinêre komitee vir personeel of studente, soos uiteengesit in die *Prosedure vir die ondersoek en bestuur van bewerings van plagiaat.*

## 9. Rolle en verantwoordelikhede

Dit is die verantwoordelikheid van alle lede van die Universiteit om seker te maak dat hulle bewus is van die Beleid en aan die vereistes daarvan kan voldoen. Die identifisering van die volgende rolle en verantwoordelikhede impliseer nie eksklusiewe verantwoordelikheid nie:

9.1 Dit is die verantwoordelikheid van alle lede van die Universiteit om seker te maak dat hulle bewus is van die Beleid en aan die vereistes daarvan kan voldoen op individuele vlak. ’n Plagiaatverklaring in ooreenstemming met hierdie Beleid (sien 11.) moet aangeheg word by alle

geskrewe werk wat op nagraadse vlak vir graaddoeleindes ingehandig word. Alle groot werkstukke ingehandig vir bepunting, insluitend werkopdragte en opstelle, kan op diskresie van die dosent of studieleier ook plagiaatverklarings insluit. Ondanks hierdie vereiste, is studente wat werk indien sonder sodanige geskrewe verklaring, geensins kwytgeskeld van die verantwoordelikheid m.b.t. plagiaat en om aan die vereistes van hierdie Beleid te voldoen nie.

9.2 Diegene betrokke by onderrig, insluitend tutors, aanbieders van kortkursusse of diplomas en alle nagraadse studieleiers is verantwoordelik om meganismes daar te stel om bewusmaking van plagiaat te bevorder en om die bespeuring en konsekwente rapportering van plagiaat moontlik te maak.

9.3 Studieleiers van Meesters tesisse en Doktorale verhandelings is verantwoordelik om seker te maak dat standaarde en prosedures vir die voorkoming van plagiaat nagekom is voor die tesis of verhandeling ingehandig word vir evaluering. Ondanks hierdie vereiste, lê die verantwoordelikheid om plagiaat te voorkom en om aan die vereistes van die Beleid te voldoen by die student of navorser, wat aanspreeklik gehou sal word sou die werk plagiaat bevat of versuim om aan die vereiste standaarde van etiese gedrag te voldoen. Tesisse en verhandelings moet by die *Turnitin playground module* (of soortgelyke programmatuur) ingedien word voor inhandiging vir eksaminering. Die student en studieleier moet saamstem dat die *Turnitin* of soortgelyke verslag aanvaarbaar is.

9.4 Departemente en Fakulteite is verantwoordelik vir bewusmaking van die inhoud van hierdie Beleid sowel as die *Prosedure vir die ondersoek en bestuur van bewerings van plagiaat* en om studente en personeel op te lei in die voorkoming van plagiaat asook om rekord te hou van sodanige aktiwiteite en die bywoning daarvan.

9.5 Departemente en Fakulteite is verantwoordelik om prosesse te ontwerp vir die bespeuring, rapportering en ondersoek van bewerings van plagiaat wat voldoen aan die Universiteit se oorhoofse Beleid en Prosedure. Sodanige prosesse kan 'n interne memo met die volgende informasie insluit: Informasie oor die gebruik van *Turnitin* (of soortgelyke programmatuur) binne 'n spesifieke omgewing; identifisering van persone in 'n departement wat verantwoordelik is om bewerings van plagiaat te ontvang; en maatreëls vir die hantering van verdere ondersoeke.

9.6 Eksaminatore of moderators wat plagiaat vermoed in 'n werkstuk wat ingehandig is, moet dadelik die Departementele Voorsitter van hulle vermoedens inlig. Die bewering moet skriftelik by die Departementele Voorsitter ingedien word tesame met ondersteunende bewyse soos 'n indikasie van die bron waaruit die plagiaat spruit of 'n *Turnitin* (of soortgelyke) verslag.

**10. Beheer en bestuur van die Beleid**

10.1. Die kurators van die Beleid (Senior Direkteure: Navorsing en Innovasie sowel as Leer- en Onderrigverryking) is verantwoordelik vir die formulering, goedkeuring, hersiening, kommunikasie, toeganklikheid en monitering van die Beleid. Die kurators van die Beleid is ook verantwoordelik vir interpretasie en leiding m.b.t. die uitvoering van die Beleid.

10.2. Fakulteitsbestuur is verantwoordelik vir die toepassing van die Beleid en spesifieke kontrole binne hul eie areas.

10.3. Die bestuur binne alle geaffekteerde areas is verantwoordelik vir die volgende prosedures binne hul onderskeie areas:

a. Sensitisering en opleiding vir studente en personeel oor die voorkoming van plagiaat.

b. Bestuur van bewerings van plagiaat en skending van kopiereg volgens die *Prosedure vir die ondersoek en bestuur van bewerings van plagiaat* of die *Prosedure vir die ondersoek van bewerings van skending van navorsingsnorme en -standaarde,* waar van toepassing. (Laasgenoemde word byvoorbeeld gebruik wanneer die bewering senior navorsers of addisionele bewerings soos vervalsing of fabrikasie van data, insluit).

## 11. Plagiaatverklaring (vir gebruik deur studente)

- *Ek het die Stellenbosch Universiteit Plagiaatbeleid gelees en verstaan, sowel as die definisies van plagiaat en selfplagiaat soos beskryf in die Beleid [Plagiaat: Die gebruik van ander se idees of materiaal sonder erkenning, of die hergebruik van 'n persoon se eie voorheen geëvalueerde of gepubliseerde materiaal sonder erkenning of 'n aanduiding daarvan (selfplagiaat of tekshergebruik)].*
- *Ek verstaan ook dat direkte vertalings plagiaat is.*
- *Dienooreenkomstig is alle aanhalings en bydraes vanuit enige bron (ingesluit die internet) volledig verwys (erken). Ek verstaan dat die woordelikse aanhaal van teks sonder aanhalingstekens (selfs al word die bron volledig erken) plagiaat is.*
- *Ek verklaar dat die werk in hierdie skryfstuk vervat my eie oorspronklike werk is en dat ek dit nie vantevore (in die geheel of gedeeltelik) ingehandig het vir bepunting in hierdie module/werkstuk of 'n ander module/werkstuk nie.*

## 12. Ondersteunende dokumente

Hierdie **Plagiaatbeleid (ter ondersteuning van akademiese integriteit)** word ondersteun deur:

| |
|---|
| Prosedure vir die ondersoek en bestuur van bewerings van plagiaat |
| Riglyn vir die voorkoming van plagiaat |

## 13. Verwante dokumentasie[2]

Belangrike verwante dokumente sluit in:

| Item # | Naam | Status | Kurator |
|---|---|---|---|
| 13.1. | Beleid vir verantwoordelike navorsingsgedrag aan die Universiteit Stellenbosch | Goedgekeur | Afdeling Navorsingsontwikkeling |

[2] Hierdie sluit die belangrikste verwante dokumente in en moet gekorreleer word met ander prosesse en beleide om ooreenstemming te verseker.

| | | | |
|---|---|---|---|
| 13.2. | [US Raamwerkbeleid vir akademiese integriteit] | Voorgestel | Vir ontwikkeling |
| 13.3. | Prosedure vir die ondersoek en bestuur van bewerings van plagiaat | Onder ontwikkeling | Afdeling Navorsingsontwikkeling |
| 13.4. | Prosedure vir die ondersoek van bewerings van skending van navorsingsnorme en -standaarde | Goedgekeur | Afdeling Navorsingsontwikkeling |
| 13.5. | Reglement Insake Dissiplinêre Optrede Teen Personeel | Goedgekeur | Menslike Hulpbronne |
| 13.6. | Dissiplinêre Kode vir Studente van die Universiteit Stellenbosch | Goedgekeur | Regsdienste |
| 13.7. | US Regulasies t.o.v. die Risikobestuurskomitee | Goedgekeur | Risikobestuur |
| 13.8. | US Beleid oor Vergoeding en Prestasiebestuur | Goedgekeur | Menslike Hulpbronne |
| 13.9. | US Beleid insake die ontginning van intellektuele eiendom. | Goedgekeur | InnovUS |